



LAERSKOOL
STELLENBOSCH

IN 'N NEUTEDOP



Vandag my Plig!



Voorwoord

In die hartjie van die Boland lê ons pragtige dorp, Stellenbosch. Die asemrowende natuurskoon, teen die agtergrond van die Jonkershoekberge, skep sy eie unieke soort “plattelandse leefstyl” by Laerskool Stellenbosch. Elke leerder, van Graad RR tot 7, het die wonderlike voorreg om een van die mees gesogte skole in die Boland by te woon.

Die netjies versorgde skoolterrein, wêreldklas geriewe en oop ruimtes skep die perfekte skoolatmosfeer. Hier leef Stellies hul waardes uit en glo ons in die holistiese ontwikkeling van ‘n kind. Ons streef om die perfekte balans te vind tussen akademie, sport en kultuur en om in harmonie met mekaar te leef.

Die boustene en karakter van die skool is geskoei op ons 90-jaar oue tradisies waar geleenthede geskep word om kinders se selfvertroue ontwikkel sodat elkeen hul volle potensiaal kan bereik. Opleiding is ons kernfokus; daarom is die ontwikkeling van leerlinge en personeel ons hoofprioriteit.

Laerskool Stellenbosch beskik oor ‘n uitstekende personeelkorps en afrigtingspan, want elke individu is vir ons belangrik. Ons glo dat vennootskappe met ons ouers en die breër Stellenbosch gemeenskap die hoeksteen is van uitnemendheid en ons streef na gesonde verhoudings met alle rolspelers.

Welkom by Laerskool Stellenbosch. Ons vriendelikheid en gasvryheid sal jou dadelik laat tuis voel. Besoek gerus ons webtuiste of Facebookblad vir meer inligting.

Mooi loop
Jaco Swart





Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe

Geskiedenis van die skool

Verken die skool

Skool se inligting

Skooltye

Visie, missie & waardes

Huisgroepe

Leierspan

Afdelingshoofde & koördineerders

Fasiliteite

Swembad

Biblioteek

Robotika-lokaal

Skooluniform

LO-klere

Sportdrag

Skoollied

Bladsy:

1

2 – 3

4

5

6

7

8

9

10

11

12

13

14

15 – 16

17

18 – 20

21



WELKOM



LAERSKOOL
STELLENBOSCH



Geskiedenis van die skool

Laerskool Stellenbosch se storie begin lank, lank gelede. Die Denneoord Opleidingskool was 'n plek waar studente kon leer om onderwysers te word. Dit was op dieselfde plek waar die Hofmeyrsaal vandag is.


Hierdie studente het die behoefte gehad om hulle lesse op kinders te oefen. Daarom het daar in 1925 'n groepie van vyf kleuters in 'n kamer by die kollege bymekaar gekom. Hulle het later met die groepie kinders 'n skool begin en het die skool die Denneoord- modelskool genoem.



Hofmeyrsaal vandag

In 1932 het die kollege te klein geword vir al die studente en hulle moes 'n plan maak. Groter geboue was die oplossing.


Die hele kollege verskuif toe na 'n groter gebou, naamlik die Rozenburg-opstal en die skooltjie moes maar saamtrek. Hulle verander die naam na Die Rozenburg Primêre Skool omdat die skool nou in die groot Rozenburg-opstal, of huis, was.



Die Rozenburg Primêre Skool

Me Gertruida Pohl word op 1 April 1934 die eerste voltydse onderwyseres van die skool waar daar toe al twintig leerders was.

Die departement besluit om dit weer 'n ander naam te gee: Denneoord Model / Kindertuin- en Plaasskool. In 1936 was daar al 45 kinders in die skool en die twee voltydse onderwyseresse was me M Pickerell (Graad 1 tot 3) en me AS Gelderblom (Graad 4 tot 8).



Die skoolgeboutjie van die Denneoord model/ Kindertuin- en Plaasskool.



Geskiedenis van die skool

In 1958 was daar baie versoeke om 'n nuwe laerskool aan die oostekant van die dorp te bou. Na baie planne en gesels is daar besluit om die skool só groot te bou dat daar twee klasse in elke graad kan wees. In Augustus 1967 het hulle die skool begin bou.

Op 31 Oktober 1969 het almal na die nuwe skoolgebou oorgetrek. Dit is die gebou wat ons vandag nog gebruik. Mnr JAM van Schoor was die eerste skoolhoof by hierdie skool.



Die voltooië hoofingang soos op 31 Oktober 1969




Die hoofingang tydens konstruksiewerk in 1968


Onder mnr JAM van Schoor se leiding is daar 'n skooluniform, skoollied en skoolwapen gekies. Ons is vandag nog trots dat DJ Opperman ons skoollied geskryf het en dat die Stellenbosse komponis, Hubert du Plessis die wysie gekomponeer het. Ons wapen is deur C Pama ontwerp. Mnr Van Schoor was dertig jaar die skoolhoof voordat hy in 1995 afgetree het. Na mnr Van Schoor se aftrede het mnr André Pollard hom van 1995–1996 opgevolg.

Mnr Hawkie de Villiers, 'n visionêre avonturier en pionier per excellence, was ons skoolhoof vanaf Januarie 1997 tot Desember 2023.

Tydens mnr De Villiers se bewind is 'n swembad, musieksentrum, sportsentrum en klubhuis opgerig wat die skool na nuwe hoogtes gelei het.



Mnr JAM van Schoor



Mnr André Pollard



Mnr Hawkie de Villiers



Verken die skool

My naam is RAKKER. Ek is die skool se gelukbringer en elke Stellie se beste maat. Kom toer saam met my deur my pragtige huis, Laerskool Stellenbosch en ons puik versorgde, netjiese terrein - 'n absolute paradys vir elke kind en kraai.





Skool se inligting



Laerskool Stellenbosch • Endlerstraat • Mostertsdrift • Stellenbosch • 7600



www.laerskoolstellenbosch.co.za



[laerskoolstellenbosch](https://www.instagram.com/laerskoolstellenbosch)



[lstellen](https://www.facebook.com/lstellen)



021 887 6934



Laerskool Stellenbosch

ONTVANGS:



sunette@lstellen.co.za

leana@lstellen.co.za



07:15– 15:15



Tannie Leana sal jou altyd bystaan as jy 'n dringende oproep moet maak.



Tannie Sunette staan altyd reg om 'n pleister te plak.

FINANSIES:



liza@lstellen.co.za

elmarie@lstellen.co.za



07:15– 15:15



Naam van rekening:

Laerskool Stellenbosch Skoolfonds

Naam van bank:

ABSA Bank

Rekeningnommer:

4-1049-3578

Naam van tak:

Pleinstraat, Stellenbosch

Verwysing:

Rede vir betaling

SPORT:



sport@lstellen.co.za



021 887 6934





Skooltye

Eekhorinkies

Maandag – Vrydag: 08:30 – 12:30

Graad R

Maandag – Vrydag: 08:00 – 13:00

Graad 1

Maandag – Donderdag: 07:30 – 13:15
Vrydag: 07:30 – 13:00

Graad 2



Maandag – Donderdag: 07:30 – 13:15
Vrydag: 07:30 – 13:00

Graad 3

Maandag – Donderdag: 07:30 – 13:30
Vrydag: 07:30 – 13:00

Graad 4 tot 7


Maandag – Donderdag: 07:30 – 14:00
Vrydag: 07:30 – 13:00



Nasorg

Maandag – Donderdag:	Eekhorinkies	12:30 – 17:30
	Graad R	13:00 – 17:30
	Graad 1	13:15 – 17:30
	Graad 2	13:15 – 17:30
	Graad 3	13:30 – 17:30
	Graad 4 – 7	14:00 – 17:30

Vrydag: Net tot 17:00
Vakansies: GESLUIT





Visie, missie & waardes

Visie

Die opvoeding in die skool is ingestel op die uitbouing van etiese waardes en waardering van kultuur. Etiese waardes sal in die opvoedingsproses uitgeleef word.

Orde, dissipline en respektering van elke individu vorm die grondslag vir sukses en 'n gelukkige skoolgemeenskap.

- Die milieu waarbinne onderrig geskied, sal relevant wees tot die samelewing waarbinne die kinders hulle later as volwassenes moet handhaaf.
- 'n Kultuur van leergewilligheid word nagestreef waarbinne elkeen sy volle potensiaal kan ontwikkel.
- Ons leerders, leerkragte en ouers tree altyd met lojaliteit op en skep sodoende tradisie en trots vir Laerskool Stellenbosch.

Missie

Laerskool Stellenbosch streef na uitnemendheid op alle terreine van skoolaktiwiteite om gebalanseerde leerders vir die samelewing te ontwikkel.


Die strewe na uitnemendheid vind plaas deur:

- Leerders toe te rus met die vermoë tot selfstandige denke, lewensvaardighede, kommunikasievermoëns en kreatiwiteit vir die eise van 'n voortdurende veranderende, kennisgedrewe wêreld.
- Leerkragte wat die geskikte leeromgewing en geleentheid skep deur leerders te stimuleer en te bemagtig met kennis en die benutting daarvan sodat leerders tot hulle volle potensiaal kan ontwikkel.
- Ouers wat in deelgenootskap met die skool aktief betrokke is by 'n verskeidenheid van aktiwiteite en bydraes lewer sodat leerders en leerkragte op hulle take kan fokus.





Huisgroepe




VOLHARD

Die Denneoord Opleidingskool was 'n plek waar studente kon leer om onderwysers te word. Die studente moes hulle lesse op kinders oefen en toe het daar in 1925 'n klein skooltjie ontstaan: die Denneoord-modelskool. Me Gertruida Pohl het op 1 April 1934 die eerste voltydse onderwyseres van die skool geword waar daar toe al twintig leerders was.

- 'n Denneboom word as 'n simbool van langslwendheid en uithouvermoë beskou omdat hy in moeilike omstandighede kan oorleef.
- Dit herinner ons dat ons die vermoë het om aan te hou groei en te volhard, ongeag die uitdagings op ons pad.

Vanne:
A, C, D, I, J, L, M, N, Q



REGVERDIG

Laerskool Stellenbosch se storie begin lank, lank gelede. Die Denneoord Opleidingskool, waaruit Laerskool Stellenbosch ontstaan het, was op dieselfde plek waar die Hofmeyrsaal vandag is.

- 'n Hof is 'n simbool van geregtigheid.
- Deur die toepassing en nakoming van die reëls word regverdige kompetisie bevorder.
- Ons moet as deelnemers regverdig optree en ons spanmaats en opponente met respek behandel.

Vanne:
B, F, G, O, R, S, T, U



FLOREER

In 1932 het die kollege te klein geword vir al die studente. Die skooltjie moes toe saam met die kollege skuif na die Rozenburg-opstal. Die naam is verander na Die Rozenburg Primêre Skool, omdat die skool nou in die groot Rozenburg-opstal, of huis, was.

- Die elegante roos weerspieël die teenwoordigheid van 'n meesterlike Skepper in die natuur.
- Dit herinner aan die skoonheid en kreatiwiteit wat in die wêreld en ook in ons, is.
- Dit inspireer ons om te floreer deur net ons beste te gee in kompetisie.

Vanne:
E, H, K, P, V, W, X, Y, Z



Skoolhoof

Mnr Jaco Swart
jaco@lstellen.co.za
20 Mei



Adjunkhoof: Grondslagfase

Mev Johannita Kruger
johannita@lstellen.co.za
21 November



Senior Adjunkhoof

Mnr Josua Swanepoel
josua@lstellen.co.za
27 Mei



Adjunkhoof: Seniorfase

Mev Carine Mocke
camostel@gmail.com
15 September

Departementshoofde:



Grondslagfase

Mev Barbara Greeff
barbara@lstellen.co.za
18 September



Intermediêrefase

Mnr Stefan Gouws
stefan@lstellen.co.za
8 Maart



Seniorfase

Mnr Bernard Sherriff
bernard@lstellen.co.za
26 Julie



Afdelingshoofde & koördineerders



Graadhoofde:

Eekhorinkie:	Marli Goldie
Graad R:	Elzeth Truter
Graad 1:	Jana Roeloffse
Graad 2:	Jolande Botha
Graad 3:	Magdel Smit
Graad 4:	Nina Swart
Graad 5:	Maryke Pauw
Graad 6:	Anize Koetsier
Graad 7:	Stefan Gouws



Koördineerders:



Swem:	Magdel Smit
Tennis:	Stefan Gouws
Atletiek:	Jeandré Louw
Krieket:	Johan Claassens
Mini-krieket:	Stephan Burger
Netbal:	Nita Gouws
Rugby:	Gregory Nel
Hokkie:	Marli Ehlers
Skiet:	Pieter Potgieter
Skaak:	Margo Lotz
Juniorkoor:	Jolande Botha
Seniorkoor:	Riana de Wet
Redenaars:	Anize Koetsier

Vakhoofde Seniorfase:

Afrikaans:	Carine Mocke
Engels:	Bernard Sherriff
Wiskunde:	Marizanne Lötter
Natuurwetenskappe:	Johan Claassens
Sosiale Wetenskappe:	Stefan Gouws
Tegnologie:	Johan Claassens
EBW:	Josua Swanepoel
Lewensoriëntering:	Heidi Pietersen
Skeppende Kunste:	Suné Lesch





Fasiliteite

Skoolklere beskikbaar by:



sport@lstellen.co.za



063 840 3325



Maandag – Donderdag: 08:00 – 14:00

Vrydag: 08:00 – 13:00

Vir aanlynbestellings volg die onderstaande skakel:

<https://shop.sticitt.co.za/lklerebank>



Die Kosblik



By Die Kosblik is daar heerlike, vars kos en lekkernye vir ieder en elk te koop.



Erina Coetzee 082 883 1919



Maandag – Donderdag: 08:00 – 14:00

Vrydag: 08:00 – 13:00

Na skool: 13:00 – 15:30

Ons aanvaar die volgende betaalmetodes:

Kontant

Alle bankkaarte

Lunch Hub

Sticitt (horlosiebandjie)

Snapscan

Met "Lunch Hub" kan u vir 'n volle kwartaal of net vir spesifieke dae vooruit iets te ete van ons tweeweklikse spyskaart bestel. Ouers kan verversings in die rustige atmosfeer van Die Kosblik geniet terwyl u kind by buitemuurse aktiwiteite betrokke is.




Swembad

As Stellies is ons bevoorreg om in die warm somermaande gedurende LO-periodes heerlik te kan afkoel.

As deel van die somersportprogram bied ons van Graad R tot Graad 7 swemafrigting aan. Hier akkommodeer ons al die maats wat wil swem, maak nie saak of 'n leerder 'n beginner, intermediêre of 'n gevorderde swemmer is nie.

Ons hou ook gereeld spog galas en ontvang dan ander skole breëbors omdat ons so trots op ons swembad is.





Biblioteek

Laerskool Stellenbosch se Biblioteek is 'n rustige en verbeeldingryke tuiste waar leerders die waarde van boeke en die lewensvreugde van lees geniet.

Graad 1- tot 6-leerders kom een periode 'n week Biblioteek toe om boeke uit te neem om in die klas of tuis te lees. Die Biblioteek is slegs vir die gebruik van die leerders en personeel.

Die Biblioteek het 'n Grondslagfase afdeling met wonderlike prente- en storieboeke wat leerders se verbeelding reeds op 'n vroeë ouderdom aangryp en leerders inspireer om te wil lees.

Die Intermediêre- en Seniorfase leerders kan kies uit 'n verskeidenheid genres. Dit sluit in speur-, fantasie-, aksie-, avontuur-, spanningsverhale en ons super gewilde grafiese en komiese reekse.

Ywerige boekwurms kan tweede pouse boeke kom ruil.

Die Biblioteek het ook 'n groot feiteboek afdeling waar leerders interessante nuwe feite kan leer oor die wêreld waarin ons leef.

By Laerskool Stellenbosch se Biblioteek is lees voorwaar 'n fees.

"The more that you read, the more things you will know.
The more that you learn, the more places you'll go."

- **Dr Seuss**





Robotika-lokaal



Die Robotika-lokaal by ons skool is 'n opwindende en innoverende ruimte waar leerders hul kreatiwiteit en tegnologiese vaardighede kan ontwikkel. Die lokaal is toegerus met verskeie moderne robotte, intelligente selfgeprogrammeerde robotte wat sensor-tegnologie gebruik.

Leerders kan nie net die robotte bestudeer nie, maar ook deelneem aan eksperimente wat die beginsels van robotika, kunsmatige intelligensie en meganika ondersoek. Die lokaal het 'n spesiale ruimte vir praktiese projekte waar alle leerders aan uitdagings kan deelneem, soos die bou van robotte wat spesifieke take kan uitvoer. Hierdie inisiatief help nie net om die belangstelling in tegnologie te bevorder nie, maar berei ons leerders voor vir die toekoms waar robotika 'n belangrike rol in verskeie industrieë gaan speel.





Skooluniform

Somersdrag

Seuns:

Grys kortmouhemp met oopslaankraag en grys broek van gladde (nie gekoorde) poliësterkatoen. Grys sokkies met swart skoolskoene of kaalvoet.

Dogters:

Skoolrok met wit kortmouhemp met oopslaankraag. Wit sokkies met swart skoolskoene of kaalvoet.

Graad 7-leerders mag hul skoolbaadjies dra.

'n Skoolpet is 'n moet gedurende pouses.





Skooluniform

Wintersdrag

Seuns:

Grys kortmouhemp met oopslaankraag of grys langmouhemp met toeknoopkraag. 'n Das by 'n langmouhemp is verpligtend. Grys kort- of langbroek van gladde (nie gekoorde) poliësterkatoen.

Trui (met 'n skoolwapen)/reënbaadjie is opsioneel.

Swart toerygskoene en grys sokkies met skoolkleure in die omslaanrand.

Dogters:

Skoolrok met wit kortmouhemp met oopslaankraag of wit langmouhemp met toeknoopkraag. 'n Das by 'n langmouhemp is verpligtend.

Trui (met 'n skoolwapen)/reënbaadjie is opsioneel.

Swart skoene met 'n bandjie oor die voet of met veters en kort wit sokkies of lang swart broekiekouse.

Skoolskoene is verpligtend in die winter.

'n Sweetpakbaadjie mag nie by die skooluniform gedra word nie.





LO-klere

Somer

Seuns:

Groen LO-broekie en groen LO-hemp met kraag of huisgroepe-hemp.

Dogters:

Groen LO-broekie of "skort" en groen moulose LO-hemp met rooi kraag of huisgroepe-hemp.

Leerders mag in die somer kaalvoet skool toe kom.



Winter

Stellies LO-klere met groen langmou Stellies-hemp en/of sweetpak.

Die Stellies-reënbaadjie mag saam met sportdrag gedra word.

Tekkies is verpligtend in die winter.





Sportdrag

Atletiek

Groen atletiekbroekie en rooi atletiekfrokkie met die skool se naam.



Tennis

Seuns:

Wit broekie en groen LO-hemp met kraag. Spandrag sal voorsien word.

Dogters:

"Skort" en moulose groen LO-hemp met rooi kraag. Spandrag sal voorsien word.






Sportdrag

Swem

Rooi-en-groen Stellies-swembroek.

Swart/donkerblou Speedo/Arena swembroek, is ook toelaatbaar.

Rooi/wit swempet.



Krieket

Wit broekie, groen LO-hemp met kraag, groen krieketsokkies met rooi strepe en tekkies.

Oortrektrui mag ook as krieketdrag gedra word (slegs o.11 en o.13).

Krieket breërand hoed of skoolpet kan gedra word.





Sportdrag

Hokkie

Dogters:


"Skort" en moulose groen LO-hemp met rooi kraag en groen hokkiesokkies.

Tekkies of hokkieskoene.

Seuns:

Groen LO-broekie, groen LO-hemp met kraag en groen hokkiesokkies.

Tekkies of hokkieskoene.



Netbal


"Skort" en moulose groen LO-hemp met rooi kraag en kort wit sokkies/Versus-sokkies.

Wit tekkies.



Rugby

Wit broekie en groen rugbytrui.





Skoollied



Ek dien my vaderland
in sport en klas
as ek onthou:
die sand sak in die glas.
Daarom sal spel en boek
my beste verg
eekhorinkie wat soek
en kennis berg.
Daarom my erewoord:
Heer, ek verrig
as kind van hierdie oord
vandag my plig.

Lirieke: DJ Opperman
Musiek: H Du Plessis

